# STAATSKOERANT

## VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

## REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# GOVERNMENT GAZETTE

*As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer* — *Registered at the Post Office as a Newspaper*

**PRYS 40c PRICE**
**Plus AVB/GST**
**BUITELANDS 50c ABROAD**
**POSVRY · POST FREE**

VOL. 229 — KAAPSTAD, 25 JULIE 1984 — CAPE TOWN, 25 JULY 1984 — No. 9324


KANTOOR VAN DIE EERSTE MINISTER

No. 1519 — 25 Julie 1984

Hierby word bekend gemaak dat die Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 90 van 1984: Wysigingswet op Provinsiale Bevoegdhede, 1984.

OFFICE OF THE PRIME MINISTER

No. 1519 — 25 July 1984

It is hereby notified that the State President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 90 of 1984: Provincial Powers Amendment Act, 1984.

**ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:**

**[ ]** Woorde in vet druk tussen vierkantige hake dui skrappings uit bestaande verordenings aan.

# WET

**Tot wysiging van die Wet tot Uitbreiding van Provinsiale Bevoegdhede, 1980, ten einde die beperking op die bedrag van 'n gratifikasie waarvoor voorsiening daarkragtens gemaak kan word, op te hef.**

*(Afrikaanse teks deur die Staatspresident geteken.)*
*(Goedgekeur op 3 Julie 1984.)*

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Wysiging van artikel 1 van Wet 32 van 1980.

**1.** Artikel 1 van die Wet tot Uitbreiding van Provinsiale Bevoegdhede, 1980, word hierby gewysig deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

"(2) Behoudens die bepalings van subartikel (3) oorskry 'n pensioen **[of gratifikasie]** bedoel in subartikel (1) nie 'n bedrag wat, as dit oor 'n tydperk van 12 maande bereken word, gelyk is aan die hoogste bedrag wat ten opsigte van enige jaar gedurende die ampstermyn van die betrokke lid, aan daardie lid kragtens artikels 74 en 76 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1961 (Wet No. 32 van 1961), betaalbaar was nie.".

Kort titel.

**2.** Hierdie Wet heet die Wysigingswet op Provinsiale Bevoegdhede, 1984.

**GENERAL EXPLANATORY NOTE:**

**[ ]** Words in bold type in square brackets indicate omissions from existing enactments.

# ACT

**To amend the Provincial Powers Extension Act, 1980, so as to remove the limitation on the amount of a gratuity for which provision may be made thereunder.**

*(Afrikaans text signed by the State President.)*
*(Assented to 3 July 1984.)*

BE IT ENACTED by the State President and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

Amendment of section 1 of Act 32 of 1980.

**1.** Section 1 of the Provincial Powers Extension Act, 1980, is hereby amended by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

"(2) Subject to the provisions of subsection (3), any pension **[or gratuity]** referred to in subsection (1) shall not exceed an amount which, if calculated over a period of 12 months, is equal to the highest amount that was payable in respect of any year during the period of office of the member concerned, to that member under sections 74 and 76 of the Republic of South Africa Constitution Act, 1961 (Act No. 32 of 1961).".

Short title.

**2.** This Act shall be called the Provincial Powers Amendment Act, 1984.

GEDRUK VIR DIE STAATSDRUKKER, PRETORIA, DEUR KAAP & TRANSVAAL DRUKKERS (EDMS) BPK, KAAPSTAD—BB3947/12 600
PRINTED FOR THE GOVERNMENT PRINTER, PRETORIA, BY CAPE & TRANSVAAL PRINTERS (PTY) LTD. CAPE TOWN—BB3947/12 600